
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

BAIE BELANGRIK

Kennisgewing: Ons is so jammer om u in kennis te stel dat ons na al die jare, die Nuusbrief nie meer sal kan pos nie. Dit is a.g.v die onbetroubare posdiens. Baie mense ontvang ook nie hul nuusbriewe nie en dan neem dit ook baie lank voordat dit afgelewer word. Ons het dus geen ander uitweg as om dit per Epos te stuur nie, wat 'n baie moeilike besluit vir ons was.
Ons is baie hartseer omdat ons besef dat nie almal Epos het nie, maar wil net voorstel dat as julle familie of vriende het, julle hul Epos kan gebruik waarheen ons dit kan stuur. Stuur asb. u Epos adresse aan ons.
Indien u van die boeke wil koop kan dit deur "postnet" gedoen word. Die Nuusbrief van Mei sal nog per pos gestuur word, maar vanaf Junie sal dit per Epos wees.
Wees verseker van ons liefde en gebede vir elkeen van julle. Ons waardeer julle ondersteuning en gebede. Baie dankie dat julle verstaan.

WAT IS GELOOF?

Die Bybel sê vir ons in Heb. Hoofstuk 11 vers 1 wat geloof is**. Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.** In die Amplified Bybel lees die vers as volg: **Now faith is the assurance (the confirmation, the title-deed) of the things (we) hope for, being the proof of things (we) do not see and the conviction of their reality - faith perceiving as real fact what is not revealed to the senses.**

Om dit eenvoudig te stel, ons geloof is die " stof" of "materiaal" van die dinge waarvoor ons hoop en bid. Dit is die bewys van dinge wat ons nog nie gesien het nie en die sekerheid van hul bestaan alhoewel ons hulle nog nie aanskou het nie! Geloof is die **substansie,** die katalise wat God van ons verwag sodat Hy die dinge waarvoor ons hoop 'n werklikheid kan maak. Maar die geloof moet op God se vermoë gerig wees om daardie "hoop" te laat plaasvind. Het geloof in God! (Mark. 11: 22). Dit is noodsaaklik. In Heb. 11 vers 6 word 'n belangrike waarheid geopenbaar: **En sonder geloof *is dit* onmoontlik om *God* te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en *'n* beloner is van die wat Hom soek.**

Toe Sy Apostels Jesus gevra het, **"Gee ons meer geloof",** lees ons in Mattheus: **En Jesus antwoord hulle .... want, voorwaar Ek sê vir julle, as julle geloof het soos 'n mosterdsaad sal julle vir hierdie berg sê: Gaan weg hiervandaan daarnatoe! en hy sal weggaan, en niks sal vir julle onmoontlik wees nie (Matt. 17:20).**

Jesus het hierdie wonderlike belofte vir Sy dissipels gespreek, en aangesien Jesus **die Waarheid is** (Joh. 14:6), kan ons verseker wees dat Hy dit bedoel het, en wat Hy gesê het moontlik is! Die **waarheid** van Sy woorde is dus nie die probleem

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

nie, die werklike probleem is, "hoe verkry ons die geloof wat nodig is om 'n berg te verskuif?"

Baie mense sê dat hulle nie geloof het nie, of dat hul geloof nie sterk genoeg is nie. Hulle het die snaakse idee dat geloof iets is wat hulle skielik in 'n krisis moet verkry, en dat hulle ver te kort skiet van dit wat van hulle verwag word. Sommige verklaar angstig:" Ek glo! Ek glo!" en deur die duidelike angs in hul stem weet jy dat hulle nie net hulself probeer oortuig nie, maar ook die rondom hulle. Hulle voer eintlik 'n stryd binne hulself. Maar geloof word nie opgeroep deur druk nie; in werklikheid is geloof die teenoorgestelde, omdat geloof eenvoudig is **OM TE VERTROU.** Dit is om jou Hemelse Vader te vertrou om te doen wat Hy in Sy Woord beloof het om te doen, as jy Sy voorwaardes nakom. Dit verwag van jou om volkome op Hom te steun, wetende dat jy op Hom en Sy beloftes kan staat maak op 'n kinderlike manier. Dit skakel dan al die stryd uit om te probeer om "genoeg geloof" te verkry wat vir die Here aanvaarbaar in jou tyd van nood is, omdat vertrou 'n plek van **RUS** is en nie 'n daad van **INSPANNING** nie! Jesus het in **Matt. 18:3-4** gesê**: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele.**

Laat ons vir 'n oomblik hierdie VERTROUE of GELOOF oorweeg, wat geheel en al verskil van kop kennis! Jy kan slegs jou medemens, man, vrou of ouer ten volle vertrou wanneer jy hulle persoonlik ken en hulle betroubaar vind. Jy weet nie VAN hulle nie, jy ken hulle intiem! Jy weet en is seker van hul liefde en lojaliteit teenoor jou! Om hierdie belangrike punt te illustreer kyk na die volgende voorbeeld. Toe my kinders nog op skool was, het ons almal saam middagete gehad. Hulle het elke dag na skool huis toe gehaas, die huis binne gestorm en reguit na die eetkamertafel gegaan! Ete is daar bedien en hulle het dit met groot genot geëet na hul harde dag by die skool. Dit het daagliks gebeur en was die natuurlikste ding in die wêreld. Hulle het met volkome sekerheid, dat daar 'n ete vir hulle gewag het, aangekom. Ek is seker dat hulle nooit vir 'n oomblik getwyfel het dat hul ete vir hulle gewag het wanneer hulle daar gekom het nie! Hulle het net GEWEET dat daar 'n ete sou wees en hulle het daarna uitgesien! Dit is 'n voorbeeld van praktiese **geloof of vertroue!** Geloof en vertroue in 'n vader en moeder wat sal toesien dat daar 'n bord kos op die regte tyd reg sal wees en dat in hulle behoeftes voorsien sou word. Waarom het dit nooit by hulle opgekom om te wonder, te twyfel of hulle te bekommer of hulle ete daar sou wees nie? ***Omdat hulle geleer het om hul ouers volkome te vertrou wat dit vir hulle voorsien het.*** Waarom het hulle so 'n onwankelbare geloof in hul ouers gehad? Omdat hulle, hulle geken het en daarom die SEKERHEID gehad het dat hulle hul nooit sou teleurstel of hulle in die steek sou laat nie. Hulle het geweet dat indien dit nodig sou wees, hul ouers daarsonder sou gaan, sodat hulle kon eet. Die Woord leer ons dat as ons nie soos klein kindertjies word nie, ons nie die Koninkryk van die Hemel sal ingaan nie (Matt. 19:14).

'n Kind vind dit maklik om eenvoudig te glo en sy vader se woord en belofte te **vertrou,** en tog kan 'n aardse vader wat 'n sondaar is tog 'n leuen vertel, maar God se Woord en Sy beloftes is onfeilbaar omdat Hy onfeilbaar is, hulle is tot in ewigheid en Hy en Sy Woord is een. Vader God sê vir ons in Sy Woord dat Hy nie 'n man is dat Hy sou lieg nie! (Num. 23:19) Ons as Christene weet dat die Christendom nie 'n "godsdiens" (soos Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme en ander wêreld godsdienste) is nie, **maar is 'n persoonlike verhouding met Vader God, ons Hemelse Vader, wat moontlik gemaak is slegs deur Jesus Christus ons Here.** Toe ons Jesus as ons persoonlike Saligmaker ontvang het, het God ons Hemelse Vader geword en Jesus het gesê dat ons moet bid "Ons Vader" (Matt. 6:9). As Wedergebore Christene, het ons 'n Vader/kind verhouding. Dit is 'n liefdevolle persoonlike verhouding. In 'n fisiese verhouding tussen 'n aardse vader en sy kind, is die liefde van sy aardse vader (ongeag hoe diep en opreg dit mag wees), op sy beste, slegs 'n skaduwee van die onmeetlikheid van God se Groot liefde vir en Sy getrouheid teenoor elke kind van Hom! Ons moet net dink aan die geweldige hoë prys wat Vader God betaal het deur Sy enig gebore Seun vir die wêreld te gee, om so 'n vreeslike dood aan die Kruis op Golgota te sterf, sodat ek en jy Sy kinders kan word deur daardie wonderlike werk van versoening! Watter onpeilbare liefde! Joh. 3: 16 sê vir ons: **Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.**

Elkeen behoort ons boek "Die Nagmaal en Genesing" te lees om die groot liefde en voorsiening van ons Hemelse Vader beter te verstaan, en die duur prys wat Jesus, die Lam van God, alleen vir my en jou kon betaal. WATTER GROOT LIEFDE! Die kind leer hierdie liefde deur sy ouers te ken soos hulle vir jare saamwoon en tyd saam spandeer. Op hierdie manier leer hy sy ouers intiem ken. Hierdie verhouding van totale vertroue of geloof vind nie oornag plaas nie; dit

(Vervolg op Bl. 3)

gebeur as gevolg van saam woon en dieselfde pad te stap. Dit vind plaas deur uit ondervinding die betroubaarheid en vertroubaarheid van die ouers te leer. Die resultate is egter op die lange duur absoluut wonderlik, wanneer die kind 'n onwankelbare vertroue en geloof in sy ouers toon. So is dit met ons Hemelse Vader, daar is geen makliker of vinniger manier om geloof of vertroue in Hom te ontwikkel nie! Daar is geen kitsresep nie. Geloof kom deur Hom te leer KEN deur *tyd* met Hom *deur te bring* en met Hom te *wandel.* Dit word gedoen deur Sy Woord te lees en gebed, wat kommunikasie met God die Vader is in die naam van Jesus. Dit sal ons vertroue in Hom opbou sodat ons nooit in ons geloof sal wankel aangaande Sy beloftes nie.

WAT GELOOF NIE IS NIE:

Noudat ons vasgestel het wat geloof is, laat ons kyk wat dit NIE is nie. Ons het vasgestel dat geloof vertroue is, en vertroue kom uit die hart. Geloof is nie om net eenvoudig met die verstand te glo nie. Glo is nie Geloof voordat 'n handeling daarmee saamgaan nie.... Sedert 1979 het die bediening my in aanraking gebring met baie mense wat bely dat hulle gelowiges is – mense wat sê dat hulle "glo", maar laat ons kyk na wat Jakobus 2:19 te sê het. **Jy glo dat God één is. Jy doen goed die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.** Die duiwel en demone glo alles oor God, maar hulle reageer nie op Sy Woord nie!

Dit is om op dit wat ons glo te reageer wat ons ware gelowiges maak! "Glo" is in die geval 'n werkwoord. As vir jou gesê word dat daar 'n bom in jou huis is, sal jy nie in jou stoel bly sit en "glo" dat wat jy gehoor het waar is nie, want as jy ***werklik*** geglo het wat vir jou gesê is, sal jy **reageer** op wat jy **glo** deur jou huis so gou moontlik te ontruim!! Geloof is om te reageer op wat jy glo. Geloof sonder werke is dood volgens Jakobus 2:17. Dit mag wees dat die werk is om net in geloof te "staan", soos ons vermaan word om te doen in Ef. 6:13 – **nadat julle alles volbring het staande kan bly!**

Ek is dikwels deur iemand gevra om vir die genesing van 'n geliefde te bid wat hulle as "'n ware gelowige" beskryf het, wanneer ek egter met die siek persoon persoonlik gepraat het, het ek ontdek dat hy wel 'n getroue kerkganger is, wat glo dat God bestaan en dat Jesus Christus na die wêreld gekom het en ons beveel het om ons naaste lief te hê, maar dit is omtrent die somtotaal van wat hy glo! Jy sien, duisende nie-Christene glo dit ook, maar dit maak van hulle nie gelowiges nie. Gelowiges is hulle wat geheel en al op Vader God en Sy Seun Jesus Christus **VERTROU.** Hulle vertrou dat hul gebede volgens die beloftes in God se Woord beantwoord word.

HOE WORD GELOOF VERKRY?

Die Woord van God sê vir ons in Ef. 2:8: **Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: *dit is* die gawe van God;** Die skrif sê met ander woorde dat dit as gevolg van God se genade is dat ons gered is, en dat die verlossing ons s'n word deur GELOOF, die geloof wat egter noodsaaklik vir ons verlossing was, was nie eers volgens ons eie meriete nie, dit was 'n gawe van God. In Ef. 2: 8: **Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God;** God gee eintlik die maat van geloof waardeur ons vir ons verlossing kan glo! Die manier waarin ons Hemelse Vader die "God gegewe geloof" in ons aan die gang sit, is deur Sy Lewende Woord – die Bybel. Dit is ten slotte deur Sy Woord dat ons besef dat ons sondaars is en 'n Verlosser nodig het en dat God ons liefhet met 'n ewige liefde wat ons tot berou lei. Die Bybel is die metode wat God gekies het en daar is geen ander manier om geloof in Hom te verkry nie. Elkeen van ons, wat uit die Gees van God wedergebore is, begin ons nuwe lewe in Jesus met 'n maat van geloof wat 'n gawe van God is. Niemand kan dus sê dat hulle geen geloof het nie, omdat dit God se Woord sal weerspreek.

Romeine 12:3 sê vir ons dat **elkeen** wat wedergebore is deur Jesus Christus as hul persoonlike Verlosser en Here aan te geneem het, 'n God gegewe maat van geloof ontvang het. **Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van *homself* meer moet dink as wat n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees <u>na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.</u>** Onthou dat Paulus aan die Kerk in Rome geskryf het, die Liggaam van Christus. As jy 'n lid van Sy Liggaam hier op aarde is, het jy die "maa van geloof", net soos elke ander kind van God. Onthou God het nie witbroodjies nie, en daarom gee Hy aan elkeen van ons dieselfde maat van geloof. Hierdie geloof is 'n gawe van God aan my en jou.

Maar hierdie geloof is soos 'n saad wat in ons hart deur die Heilige Gees geplant is en wat dan gevoed en water gegee moet word, sodat dit groot en sterk kan groei vir ons om werklik by magte te wees om God ten volle te kan vertrou. Weereens val die klem op die kennis van die Woord waardeur ons, ons verhouding met ons Hemelse Vader opbou en waardeur ons geloof vermeerder.

Ons lees in Romeine 10:17: **Die geloof** (vertroue) **is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.** Dit is dus

te verstane dat ons geloof in ons Hemelse Vader kom en sterker word deur Sy Woord gereeld te hoor en te lees en dan daarvolgens op te tree en dan ontdek dat daarop vertrou kan word! Soos jy die Woord lees, is dit God wat met JOU praat! Alhoewel jy jou oë gebruik om te lees, hoor jou ore die stem van jou Hemelse Vader soos Hy met jou deur Sy Woord praat. Sy Woorde is Gees, Lewe en hulle is die Waarheid (Joh. 17:17 en Joh. 6:63), daarom voed hulle jou geestes mens en deur dit te doen groei jou geloof.

Ons kan nie vir meer of sterker geloof bid nie; ons moet net meer tyd in die Woord van God spandeer vir ons geloof om te groei. Soos ons die WAARHEID van ons Almagtige God lees, van Sy sorg en voorsiening vir almal wat Hom liefhet, en hoe Hy wonderwerke in die lewens van die wat hul vertroue in Hom gestel en Hom geglo het gedoen het, regdeur die eeue, sal ons bewus word van Sy getrouheid en ons vertroue sal vermeerder. Sy Woord sê vir ons in **Heb. 13 :8: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Mal. 3:6: Want Ek, die HERE, het nie verander nie.**

<u>WAAROM HET EK GELOOF NODIG?</u>

Die Bybel vertel baie duidelik dat sonder geloof dit vir ons onmoontlik is om God te behaag. Ons lees dit in **Heb. 11:6: En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.** Dit is dus baie duidelik dat ons God behaag deur ons geloof in Hom en Sy vermoë te toon en die teenoorgestelde is dat ons die hart van Vader God seer maak wanneer ons 'n tekort aan geloof toon. Jesus het altyd die wat na Hom in geloof gekom het vir genesing geprys. Hy het gesê, "Jou geloof het jou genees" of "volgens jou geloof sal dit vir jou wees ". En tog kom ons dikwels met twyfel in ons hart na ons Hemelse Vader, deur te sê: "Hemelse Vader, ek weet dat U my liefhet, omdat U vir Jesus gestuur het, U enig gebore Seun, wat vir my sonde aan die kruis betaal het en U seën en voorsien elke dag vir my, tog het ek nie genoeg geloof of vertroue om te glo dat U hierdie siekte gaan genees nie."

Die belangrikste rede vir die begeerte om geloof te hê is dan omdat dit God behaag. Dit maak Hom bly wanneer ons aan Hom wys dat ons Hom in alle omstandighede vertrou. Hy beloon ons geloof in Hom. Dit is waarom die duiwel ons geloof aanval en probeer om ons vertroue in Hom te ondermyn. Ons word aangemoedig om " die goeie stryd van die geloof te stry ". Ons geloof is die duiwel se teiken, en wanneer ons kies om God se Woord te glo en vertroue in Hom toon, oorwin ons die vyand. Aan die ander kant vertel die Woord ook vir ons dat die mens wat twyfel wanneer hy iets van die Here vra, niks sal ontvang nie! Jakobus 1: 6 – 8: **Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie-- so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.** Twyfel vertoon 'n tekort aan geloof en dubbelhartigheid en is 'n belediging teenoor die Magtige God wat ook ons liefdevolle Hemelse Vader is. Ons moet in geloof na God gaan, Hom ten volle vertrou wanneer ons bid: **Want ons wandel deur geloof en nie deur aanskouing nie (2 Kor. 5:7).** Die Woord van God sê ook vir ons in **Rom. 14:23 .....en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.**

<u>VOLGENS JOU GELOOF.</u>

Net so 'n belangrike rede om geloof te hê is omdat God begeer om ons te seën en ons gebede te beantwoord, en Hy reageer slegs op gebede wat in geloof gebid word, wat Hom vertrou. Ons lees in Matt. 13: 58: **En Hy** (Jesus) **het daar** (Nasaret) **vanweë hulle ongeloof nie baie kragtige dade gedoen nie.**

Die Bybel praat van verskillende soorte geloof.

In Matt. 6:30 praat Jesus van 'n KLEIN GELOOF. Ons lees in Matt. 8: 10 waar Hy van 'n GROOT GELOOF praat. In Mark. 4: 40 praat Hy van GEEN GELOOF. In Luk. 12: 28 lees ons van KLEIN GELOOF. Stefanus, lees ons in Hand. 6:5, was VOL VAN GELOOF. ONGEVEINSDE GELOOF, 2 Tim. 1:5. In 2 Tessalonisense, praat Paulus van TOE-NEMENDE GELOOF.

Wanneer Hy vir mense gebid het, het Jesus altyd 'n aanmerking oor hul geloof gemaak. In Mattheus lees ons die volgende verslag van die hoofman wat veroorsaak het dat die Seun van God Hom VERWONDER het oor sy geloof!! **Matt. 8:5-10: En nadat Jesus in Kapérnaüm ingegaan het, kom daar 'n hoofman oor honderd na Hom toe en smeek Hom en sê: Here, my kneg lê tuis verlam en hy ly hewige pyne. Daarop sê Jesus vir hom: Ek sal kom en hom gesond maak. En die hoofman oor honderd antwoord en sê: Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord, en my kneg sal gesond word. Want ek is ook 'n man onder gesag, en ek het soldate onder my. En vir hierdie een sê ek: Gaan! en hy gaan; en vir 'n ander een: Kom! en hy kom; en vir my dienskneg: Doen dit! en hy doen dit. Toe Jesus dit hoor, het Hy <u>Hom verwonder</u> en aan sy volgelinge gesê: Voorwaar Ek sê vir julle, <u>selfs in Israel het</u>**

Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.

Dit is verstommend dat dit dikwels ander was wat meer geloof in Hom getoon het as Sy dissipels. Dit was verseker die geval met die Kananese vrou waarvan ons in **Matt. 15: 22-28** lees: **En 'n Kananése vrou het van daardie gebied gekom en na Hom geroep en gesê: Wees my barmhartig, Here, Seun van Dawid! My dogter is erg van die duiwel besete. Maar Hy het haar nie 'n woord geantwoord nie. Toe kom sy dissipels nader en vra Hom en sê: Stuur haar weg, want sy roep agter ons aan. Maar Hy antwoord en sê: Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel. Daarop kom sy en val voor Hom neer en sê: Here, help my! Maar Hy antwoord en sê: Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie. En sy sê: Ja, Here, maar die hondjies eet darem van die krummels wat van die tafel van hulle base afval. Toe antwoord Jesus en sê vir haar: O Vrou, groot is jou geloof; laat dit vir jou wees soos jy wil hê. En haar dogter het gesond geword van daardie uur af.**

In die geval toe Jesus die tien melaatses gereinig het, het Jesus aan die een wat teruggekom het om Hom te bedank, gesê, **Het tien nie rein geword nie? En waar is die nege? Was daar niemand onder hulle te vinde wat omgedraai het om God te verheerlik behalwe hierdie vreemdeling nie? En Hy sê vir hom: Staan op en gaan; jou geloof het jou gered (Luk. 17:17-19).**

Dan is daar die wonderlike verslag van die vrou wat aan bloedvloeiing gely het en vasbeslote was om by Jesus te kom. Ons leer die les van geloof in Mattheus. **En daar het 'n vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, van agter gekom en die soom van sy kleed aangeraak. Want sy het by haarself gesê: As ek maar net sy kleed kan aanraak, sal ek gesond word. En Jesus het omgedraai en haar gesien en gesê: Hou goeie moed, dogter, jou geloof het jou gered. En die vrou het gesond geword van daardie uur af (Matt. 9:20-22).**

Geloof is vasbeslote, dit is volhardend, dit is gefokus, dit is standvastig en dit weet dat Jesus by magte is om te doen vêr bo wat ons vra of dink, volgens die krag wat in ons werk.

So was die geloof van die blinde Bartimeus wat geglo het dat Jesus die beloofde Seun van Dawid was, die Messias, en het die kans aangegryp vir 'n wonderwerk toe hy gehoor het dat Hy na Jerigo gekom het, waar hy gewoon het. Alhoewel hy Jesus nie kon sien nie, was Bartimeus vasbeslote om te kon sien en het aangehou totdat hy Sy aandag gekry het! Ons lees hierdie wonderlike verslag van sy onwankelbare geloof in **Mark. 10:46-52: En hulle het in Jerigo gekom. En toe Hy en sy dissipels en 'n aansienlike skare uit Jerigo uitgaan, sit die blinde man, Bartimeus, die seun van Timeus, langs die pad en bedel. En toe hy hoor dat dit Jesus die Nasarener was, begin hy om uit te roep en te sê: Seun van Dawid, Jesus, wees my barmhartig! En baie het hom bestraf, dat hy moet stilbly; maar hy het al harder uitgeroep: Seun van Dawid, wees my barmhartig! Toe gaan Jesus staan en sê dat hy geroep moes word; en hulle roep die blinde man en sê vir hom: Hou goeie moed, staan op! Hy roep jou. En hy gooi sy oorkleed af, staan op en kom na Jesus toe. En Jesus antwoord en sê vir hom: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? En die blinde man sê vir Hom: Rabboni, dat ek mag sien. En Jesus sê vir hom: Gaan, jou geloof het jou gered. En dadelik het hy gesien en Jesus op die pad gevolg.**

MANS EN VROUENS VAN GELOOF.

Hebreërs Hoofstuk elf word dikwels na verwys as die "geloof" hoofstuk in die Bybel, en ek wil jou aanmoedig om die hele hoofstuk te lees. Dit is 'n verslag van die lewens van mans en vrouens van God, uit die verlede, wat 'n onwankelbare geloof in God in moeilike en onmoontlike situasies vertoon het. Wat se voorbeelde hulle vir ons stel en watter lesse ons uit hul voorbeelde kan leer. Jy sal geseën en geïnspireer word. Een voorbeeld is die van Abraham, die vader van die geloof, en sy vrou Sara, ons lees die volgende in Heb. 11: 8-19: **Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is, gehoorsaam weggetrek na die plek wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom. Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon met Isak en Jakob, die mede-erfgename van dieselfde belofte. Want hy het die stad verwag wat fondamente het, waarvan God die boumeester en oprigter is. Deur die geloof het Sara self ook krag ontvang om bevrug te word; en toe sy oor die leeftyd was, het sy gebaar, omdat sy Hom getrou geag het wat dit beloof het. Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit 'n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is. In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge**

en bywoners op aarde was. Want die wat sulke dinge sê, verklaar dat hulle 'n vaderland soek. En as hulle bly dink het aan dié vaderland waaruit hulle weggetrek het, sou hulle geleentheid gehad het om terug te keer. Maar nou verlang hulle na 'n beter een, dit is 'n hemelse. Daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad berei. Deur die geloof het Abraham, toe hy op die proef gestel is, Isak geoffer; ja, hy wat die beloftes ontvang het, het sy eniggeborene geoffer, aan wie gesê is: In Isak sal jou nageslag genoem word --want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek; daaruit het hy hom ook, om so te spreek, terug ontvang.

In Jakobus sien ons dat Abraham nie net geloof gehad het en dan niks daaromtrent gedoen het nie, hy het op dit wat hy geglo het gereageer; en Jakobus sê vir ons dat geloof sonder werke 'n dooie geloof is! **Maar wil jy weet, O nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? (Jak.:2:20-24).**

Nog 'n voorbeeld van geloof in aksie word gevind in verse 30 – 31 van Heb. 11, en gaan oor Ragab, 'n vrou wat haar lewe op die spel geplaas het vir haar geloof**: Deur die geloof het die mure van Jerigo geval nadat daar sewe dae lank omheen getrek was. Deur die geloof het Ragab, die hoer, nie saam met die ongehoorsames omgekom nie, omdat sy die spioene in vrede ontvang het.** En Jakobus bevestig dit in **Jak. 2: 25 – 26: En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met 'n ander pad weggestuur het nie? Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.**

Ons geloof moet dade voortbring om sy bestaan in ons lewe te bewys, terwyl die oë altyd op Jesus, Seun van God, Here van die Here en Koning van die Konings gerig is. Dit moet nie net **onwankelbaar** wees nie, maar ook **bestendig,** want ons is deeglik bewus dat Luk. 1:37 sê: **Want geen ding sal by God onmoontlik wees nie!!!** En dat Jesus in Mark. 9:23 sê: **....as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo!!!!**

DIE GEBED VAN GELOOF.

'n Wonderlike voorbeeld van 'n gebed van geloof is toe Elia gebid en geglo het dat sy God dit nie sou laat reën nie! Die Bybel vertel ons dat hy net so menslik soos ek en jy is, en God verseker ons dat Hy nie 'n aansiener van persone is nie, maar Elia het **geglo** toe hy gebid het en God het sy gebed beantwoord: **Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie; en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy vrug laat uitspruit (Jak. 5:17-18).** Die Here sê in **Jak. 1 :6-8: Maar hy moet in die geloof bid, sonder om te twyfel; want hy wat twyfel, is soos 'n golf van die see wat deur die wind gedrywe en voortgesweep word. Want dié mens moenie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie - so 'n dubbelhartige man, onbestendig in al sy weë.**

Dit is egter belangrik dat ons seker maak van God se wil in 'n sekere situasie sodat ons met sekerheid kan bid, wetend dat Hy ons gebed sal beantwoord volgens Sy wil. Laat ons vir 'n oomblik na die aspek van God se wil kyk. Die Here bespreek dit in Sy Woord in **1 Joh. 5:14: En dit is die vrymoedigheid wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra VOLGENS SY WIL.** As ons vir die Here iets vra wat NIE VOLGENS SY WIL is nie, sal ons dit nie ontvang nie, en dit sal lei tot twyfel en teleurstelling. Jy kan byvoorbeeld nie die Here vir 'n ander mens se besittings vra nie, want dit is **nie** God se wil nie, maar jy **kan** byvoorbeeld, God vir genesing vra, want Hy sê: "**Ek is die Here wat jou genees" Ex. 15:26.** Dit is waarom God sê dat ons volgens Sy Wil moet vra. Ons moet uit God se Woord uitvind, ons moet die Bybel leer ken, omdat God se Woord Sy Wil is en wanneer ons Sy Woord ken, sal ons Sy Wil vir enige situasie ken!! As kinders van God, mag ons nie bid dat Hy ons moet seën, lei of goedkeuring gee vir byvoorbeeld 'n egskeiding nie, omdat Hy die huwelik ingestel het en dit vergelyk met die Heilige en kosbare vereniging tussen Jesus en Sy Bruid, die Kerk. Wanneer ons Sy Wil ken, dan bid ons ooreenkomstig en met sekerheid en ons gebed sal in geloof wees. Ons kan met sekerheid bid wanneer ons 'n behoefte het, omdat Fil. 4:19 vir ons sê: **En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus,** wanneer ons vir 'n behoefte bid WEET ons dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien, wat dit ook mag wees, omdat Hy dit belowe het kan ons in geloof bid! (Let asseblief daarop dat die Woord sê " ons BEHOEFTE nie ons BEGERIGHEID nie!")

Wanneer jy Sy wil aangaande 'n situasie of omstandigheid vasgestel het, kan jy die gebed van

geloof bid, wat eenvoudig is om jou behoeftes aan jou Hemelse Vader bekend te maak in die Naam van Jesus, en terselfdertyd glo dat Hy nie net jou gebed hoor nie, maar begin om die antwoord op die gebed te gee. Jesus het Sy dissipels die belangrikste waarheid aangaande geloof geleer nadat hulle gesien het dat die vyeboom wat Hy vervloek het werklik dood gegaan het soos Hy beveel het!

Jesus antwoord en sê vir hulle: <u>Julle moet geloof in God hê</u>. Want, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see--en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, sal gebeur--hy sal verkry net wat hy sê (Mark. 11:22-23). Die volgende vers, vers 24 van Mark. 11 is die sleutel om van God deur geloof te ontvang, en dit lyk asof dit 'n struikelblok vir meeste gelowiges is, dit is dat Jesus van ons verwag om te glo WANNEER ons bid en voordat ons SIEN! Laat ons Sy bevele lees: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle *dit* sal ontvang, en julle sal *dit* verkry (Mark. 11:24).** Wat beteken dit prakties? Hoe moet ons optree nadat ons, ons Hemelse Vader vir iets gevra het, en wag en glo vir die manifestasie om plaas te vind? Dit is eintlik baie eenvoudig en ek sal verduidelik deur 'n illustrasie te gebruik. Wanneer 'n vader vir sy kinders sê dat hy hulle "Disney World" toe gaan neem met hulle volgende skoolvakansie, reageer hulle dadelik met groot opgewondenheid en vreugde oor die nuus. Hulle spring op en af en gooi hul arms om hul vader en bedank hom met oorgawe! Die volgende dag vertel hulle al hul vriende daarvan en beplan alles wat hulle gaan doen. Omdat hulle hul vader se woord glo toon hulle reaksies daardie geloof! Hulle reaksie is 'n demonstrasie van hul vertroue in hul vader en sy belofte, sy woord. Hulle het nog nie eers die kaartjies gesien nie, maar hulle glo hom. DIT IS GELOOF – MAAR IN 'n PERSOON SE WOORD. Hulle vader is 'n feilbare man en tog vertrou hulle hom. God het ons Sy Woord en Sy wonderlike beloftes gegee en Hy is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, vertel die skrif ons in Num. 23:19. Daarom as ons Hom iets vra volgens Sy Wil, volgens Sy belofte het Hy dit alreeds in Sy Woord vir ons gegee, ons moet reageer ASOF ONS WEET DAT DIT OP PAD IS – DIT IS AS JY HOM GLO!

Begin om Hom te bedank vir Sy belofte aan jou en loof Hom vir Sy goedheid deur dit vir jou moontlik te maak om dit te ontvang, selfs al het jy dit nog nie GESIEN nie! Laat ons 'n geval van fisiese genesing gebruik. Jy mag al vir jare aan sinus hoofpyne gely het, en 'n gelowige bid vir jou met die oplê van hande. Na gebed het jy nog die hoofpyn, maar jy weet dat die Here Jesus ons in **Mark. 11 : 24** vertel het: **Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, <u>glo</u> dat julle dit sal ontvang, <u>en julle sal dit verkry</u>.** Jy moet GLO wanneer jy **bid** - NIE WANNEER JY ONTVANG, MAAR WANNEER JY BID! DIT IS GELOOF. Jy het nie geloof nodig wanneer jy ontvang nie, jy het geloof/vertroue nodig wanneer jy bid! Dus VERTROU JY GOD VIR SY GENESING DADELIK en begin Hom dank vir jou genesing ongeag van enige pyn wat jy mag voel! Jy hoef nie daaroor 'n leuen te vertel nie en sê dat daar geen pyn is nie wanneer jy dit nog kan voel, maar jy kan sê: Dankie Here vir U belofte in Mark. hoofstuk 16 wat sê "Hulle wat glo sal hande op die siekes lê en hulle sal gesond word. Ek glo Here, en ek dank U dat ek genees is volgens U Woord en belofte. Ek verwag om te herstel en die pyn sal verdwyn, omdat U Woord vir ewig vasgestel is en ek U volkome kan vertrou. "Deur Jesus se wonde is ek genees " (1 Pet. 2:24). Ons wandel nie deur aanskouing, maar deur Geloof in God en Sy Woord. Hou aan om die Here te dank en te loof vir jou genesing, en jou volkome genesing sal volg. Neem weereens kennis van **Mark. 11: 24: Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit sal ontvang, en julle sal dit verkry.**

Deur te glo dat jy van die Here ontvang het TOE JY BID, en Hom dan te dank en te loof TOTDAT jou antwoord op gebed ontvang is, is WARE GELOOF en VERTROUE, omdat jy GLO alhoewel jy nog nie gesien het nie! In die wêreld sê hulle "Om te sien is om te glo", maar God sê, "As jy glo, sal jy sien."

Skatkis

Swyg voor die HERE en verwag Hom; wees nie toornig op hom wat voorspoedig in sy weg is nie, op die man wat listige planne uitvoer nie. Laat staan die toorn en verlaat die grimmigheid; wees nie toornig nie: dit is net om kwaad te stig. (Ps. 37:7-8)

So baie word in hierdie verse gevind. As ons stil is en geduldig wag op God vir Sy wysheid, leiding en perspektief, sal baie van ons menings en ons denke verander. Dit sal op sy beurt ons vry maak van bekommernis en woede, wat veroorsaak word wanneer ons fokus op wat kwaaddoeners veroorsaak! Om op negatiewe gedagtes te konsentreer gee geboorte aan vleeslike emosies wat ons aan die wêreld bind.

Dit is waarom ons moet toelaat dat ons denke vernuwe word deur Sy Gees.

God se weë en gedagtes is hoër as ons s'n en ons is Sy kinders, instaat gestel om anders te lewe, soos Sy Gees ons harte en denke vul.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,

Elke jaar wanneer hierdie tyd aanbreek, wanneer die Christen wêreld die kruisiging van Jesus vier, is ek hartseer oor die feit dat so baie opregte Christene dit grootliks assosieer met die deelname aan “hot cross buns”, sjokolade hase, kuikens en eiers, alles in die naam van Paasfees. Baie, soos ons ook was, is onbewus dat “Paasfees” hoegenaamd niks te doen het met die kruisiging van Jesus nie, omdat dit die naam is wat afkomstig is van die heidense godin “Astarte” en glad nie op enige manier verwant is aan Jesus se dood en opstanding nie! Die Fees wat God in die Ou Testament ingestel het is 'n tipe en beeld ('n profetiese prent), van die dood van Jesus, die Lam van God wat voor die grondlegging van die wêreld doodgemaak is, word in die Fees van Pesach gevind. Baie Christene beskou Pesach as 'n Joodse fees, maar in werklikheid het God vir die Israeliete gesê dat dit Sy fees is, Hy is die Gasheer en hulle is die genooide gaste.

Verder het die HERE met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige samekomste dit is my feestye (Lev. 23 :1-2). Dan herhaal God die feit dat hulle feeste is wat deur Hom ingestel is, want ons lees in Lev. 23 : 4-5 :Dit is die feestye van die HERE, die heilige vierdae wat julle moet uitroep op hulle bepaalde tyd. In die eerste maand, op die veertiende van die maand, teen die aand, is die pasga van die HERE. (Pesach). Pesach dien as 'n voorloper om God se volk na Jesus, die vleklose Lam van God te wys, toe Hy in die wêreld gekom het, en, deur Sy gestorte Bloed, die sondes van die gevalle mensdom weggeneem het (Joh. 3 :16). Jesus het die prys betaal wat ons nooit sou kon betaal nie, en met Sy dood, het Hy aan ons 'n Ewige erfenis nagelaat. Hierdie Fees was elke jaar deel van hulle gehoorsaamheid in die vroeër kerk.

Ek wonder dikwels hoeveel Christene verstaan of weet regtig wat 'n ongelooflike erfenis ons deur Jesus se voltooide werk aan die kruis op Golgota het. Sommige probeer nie eers ontdek wat die erfenis is nie. Hulle is tevrede om as geestelike armes te leef, ten spyte van die feit dat daar so baie seëninge as Kinders van ons Hemelse Vader is om te erf deur Jesus se dood. Ons lees soms van mense wat onbewus is van die feit dat 'n ryk familielid gesterf het en vir hulle 'n fortuin nagelaat het, en hulle leef dalk in armoede sonder om bewus te wees van die rykdom wat geregtelik hulle s’n is deur hul erfenis. Hulle het nie die moeite gedoen om die nodige navrae te doen nie. Wel dit is 'n prentjie van diegene van ons, wat nie in die skrif soek om te sien watter skatte ons besit, deur die uiterste prys wat Jesus vir my en jou op Golgota betaal het nie. Hy het gesterf en 'n nalatenskap nagelaat, 'n ewige erfenis vir diegene van ons wat in Hom glo en in Sy Woord.

Wanneer ons elke oggend nagmaal gebruik en vir die siekes en lydendes bid, bring ons met die breek van die Brood, Sy verminkte Liggaam in gedagtenis wat onherkenbaar vir ons gebreek was en dank Hom vir die voordele wat Hy vir ons gekoop het daardeur. Dankie vir fisiese genesing Jesus, dankie vir U Woord wat die Brood van die Lewe is. Dankie vir U voorsiening in al ons fisiese behoeftes. Dankie Jesus. Dan neem ons die Beker, wat Sy Bloed verteenwoordig en ons bring alles wat ons geërf het in herinnering deur Sy Bloed wat gestort is. Dankie Jesus vir die vergifnis van sonde, dankie vir bevryding uit die koninkryk van duisternis in U Koninkryk van Lig. Dankie Jesus vir bevryding van vrees en kwelling en die vloek van die wet. Dankie vir die seën van U Barmhartigheid en Genade. Dankie vir Versoening met ons Hemelse Vader, vir vergoeding, verlossing, herstel, heiliging, regverdigmaking, sterkte, vrede, vreugde en die Ewige Lewe. Ek moedig julle aan om die skrif te deursoek en uit te vind wat julle deur die dood van Jesus geërf het. 'n Testament, 'n erfenis, word eers van krag wanneer die persoon gesterf het, en Jesus het die uiterste prys van die dood betaal, sodat ek en jy die Ewige Lewe saam met Hom in die Hemel kan beërwe en oorvloedige Lewe hier op Aarde.

'n Finale laaste gedagte. Een van die spesiaalste skatte wat ons deur die dood van Jesus geërf het, is ons wonderlike familie in Hom. Hy is die Hoof en ons is Sy Liggaam hier op Aarde, en ons het nou kosbare broers en susters in Christus en dieselfde Hemelse Vader. Ons dank Hom vir jou, vir die verhouding wat ons met jou het as 'n kind van die Allerhoogste God, ons broer, ons suster en ons dank Hom vir wat julle vir ons beteken. Dankie vir julle gebede, liefde en ondersteuning op elke manier – aan Hom kom al die eer toe!

Baie liefde groete

Meg en die Gebedspan